TAAK 2 : TRANSAKSIONELE TEKSTE : GRAAD 11…..

Naam : ........................................................... Datum: .......................................

| Punt | |
|---|---|
| Totaal | 25 |

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 180 - 200 woorde.

Beplan (met bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer jou werk. Die beplanning moet gedoen word VOOR die finale produk aangepak word. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

Skryf netjies en leesbaar.

Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

1.1. **INFORMELE BRIEF : VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy wil die vriendskap tussen jou en 'n vriend(-in) beëindig.

Skryf 'n **VRIENDSKAPLIKE BRIEF** aan hom/haar en gee die redes waarom jy die vriendskap beëindig.

1.2. **INFORMELE VERSLAG**

As deel van 'n liefdadigheidsprojek in Lewensoriëntering het jy en 'n groep leerders die plaaslike ouetehuis in julle omgewing besoek.

Skryf die **INFORMELE VERSLAG** aan die Lewensoriëntering

onderwyser(-es) oor julle besoek.

1.3. **HULDEBLYK**

Julle predikant tree na jarelange diens af. As jeugleier word jy gevra om tydens die afskeidsdiens 'n huldeblyk aan hom/haar te lewer.

Skryf die **HULDEBLYK.**

1.4. **ONDERHOUD**

Jy het die geleentheid om 'n onderhoud met die plaaslike wyksraadslid te voer oor die probleme wat jongmense in jou omgewing ondervind.

Skryf die **ONDERHOUD** tussen jou en die wyksraadslid neer.

1.5. **FORMELE BRIEF : VERSOEK**

Jou skool se prefektegroep beplan 'n kamp om spangees te bou. Ongelukkig het die skool nie die nodige fondse om die kamp te borg nie.

Skryf 'n brief aan 'n bekende winkelgroep waarin jy om donasies vra.